# HOOFSTUK I.

## VOORLOPERS, VESTIGING EN UITBREIDING VAN DIE GEDAGTE VAN VOORSKOOLSE ONDERWYS.

### 1. VOORSKOOLSE ONDERWYS ONDER DIE KULTUURVOLKERE:

Voorskoolse opvoeding was vanaf antieke tye die taak van die deur God gegewe natuurlikste opvoeders, die ouers, en die plek van opvoeding die natuurlikste instelling, die huis. Die private, indiwiduele gesag en verantwoordelikheid van die vader en moeder in die willekeurige reëling van die opvoeding van die jong kind was stam- of volksgebruik, sodat by geeneen van die kultuurvolkere van die ou tyd - die Babiloniërs, Egiptenare, Perse, Grieke, Romeine en Ou-Israel - enige sistematiese openbare reëling van die opvoeding van kinders onder 6 jaar bestaan het nie.[(1)]

Plato beskryf in sy „Protagoras" die sorgvuldige huislike opvoeding wat Atheense en Spartaanse kinders ontvang het.[(2)] Babiloniese kinders en die van Ou-Israel het op sesjarige leeftyd die openbare skool begin besoek, terwyl die seuns van antieke Egipte en Griekeland op sewejarige ouderdom in hierdie voorreg kon deel.[(3)] Voor daardie ouderdom was die opvoeding by uitstek aangeleentheid van die ouers, en dan veral van die moeder.[(4)]
Van besondere belang is dit dat in hierdie tydperk reeds in breë trekke twee soorte mensbeskouinge en gesagsbeskouinge onderskei kan word. Enersyds is aan die indiwiduele persoonlikheid van die mens weinig waarde geheg.[(5)] Die

alleenreg/..........

---

1. Burger, J.F. : „Die opvoeding van die kleuter deur die eeue," artikel in „Die Unie", 43ste jaargang, Nr. 3, 1 Sept. 1947, pag. 70.
2. Forest, Ilse : „Preschool Education, a historical and critical study", pag. 12 - 13.
3. Raymont, T : „A History of the Education of Young Children," pag. 5 - 6.
   Coetzee, prof. dr. J. Chris: „Inleiding tot die Historiese Opvoedkunde", pag. 28 - 29.
4. Burger, J.F. : op cit., pag. 70.
   Coetzee, prof. dr. J. Chris: op cit., pag. 27, 28.
5. Forest, Ilse : op cit., pag. 2 - 4.

alleenreg en gesag van die patriarg is terwille van homself beoefen en aanvaar. Kindermoord was geen seldsaamheid nie. Die klem sou in die opvoeding dan ook nie val op die kind, sy moontlikhede, behoeftes en vorming tot Goddienende persoonlikheid nie, maar eerder op die vorming tot bruikbaarheid in die groep. Dit moet egter van die heidense volkere waar wees. Want daarteenoor het die Verbondsvolk, Israel, met 'n kenmerkend verskillende beskouing gestaan: Op grond van sy Gódgebondenheid en Godgeroepenheid was ook die Israelitiese opvoedkundige teorie en praktyk uitsonderlik anders. In dié lig is besondere waarde geheg aan die kinderlewe.[6] Kinders is as erfdeel van die Here aanvaar en moes in die lig van Gods Verbond en belofte tot die vrese van die Here opgevoed word.[7] Die kinderjare is nie as speeljare beskou nie, maar as (belangrike) oefen en leer-jare;[8] dit was 'n tydperk van vorming in die huislike en volksgewoontes en -geloof. In lyn daarmee het die kind tot sy sesde jaar in die huis „onderrig van die ouers ontvang in die ‚Shema' of volksgeloof deur middel van die verhale, die Spreuke, die Psalms en geestelike liedere, die gebede en die leer van versies uit die Tôra."[9] Op dieselfde besondere grondslag het die Israeliet sy ouerlike gesag en persoonlike verantwoordelikheid in die opvoeding as Godgegewe beskou.[10] Die ouer-

kind-/........

---

6. Coetzee, prof. dr. J. Chris : „Inleiding tot die Historiese Opvoedkunde", pag. 27.
7. Bybel, Die, met verklarende aantekeninge, dl. I : Exodus 12 : 26; Deut. 4 : 9 en 10; Spreuke 6 : 20.
8. Coetzee, prof. dr. J. Chris : op cit., pag. 27.
9. Coetzee, prof. dr. J.F. : op cit., pag. 29.
10. Bybel, Die, met verklarende aantekeninge, dl. I : Gen. 18 : 19; Spreuke 13 : 24.

kind-verhouding was vir hom afbeelding van die Vader-kind-verband wat daar in die besondere verhouding tussen God en sy geroepe volk bestaan het.(11) Die ouerlike opvoeding was dus hier opvoeding in opdrag van God „en niemand het ooit daaraan gedink om sy kind as vondeling aan ander te gee nie."(12)

In die destydse heidenwêreld het Plato ook reeds 400 jr. v.C. die belangrikheid van die kindertydperk beklemtoon.(13) Sy gedagte van 'n versorgingsoord (Communal nursery) „as proper part of the ideal state."(14) het egter lynreg ingegaan teen die opvatting van die Israeliet. Hierdie groot wysgeer-opvoedkundige word inderwaarheid die eerste voorstander van voorskoolse onderrig buite die huis waar hy terwille van die ideale staat pleit dat „the child for its own sake, was to be taken from its parents, and placed under the care of nurses skilled in the art of rearing children."(15)

## 2. SPORADIESE POGINGS TOT SISTEMATISERING VAN DIE VOORSKOOLSE ONDERWYS:

Die opvatting dat voorskoolse opvoeding uitsluitlik ouerlike verantwoordelikheid in die huis is, is in die Christelike tydperk met verskerpte intensiteit deurgedra onder die Westerse volkere tot in die 17de eeu. In hierdie eeu, waarin die opvoeding nog oorwegend in die teken van die godsdienstige vorming gestaan het, beklemtoon die gelowige sintuiglike realis, Johan A. Comenius, in sy „Didactica Magna" (groot onderwysleer) en „Informatorium" (moederskool)/...

---

11. Bybel, Die, met verklarende aantekeninge, dl. II : Jesaja 64 : 8.

'. Grosheide, dr. F.W., e.a., saamgestel en onder redaksie van: „Christelyke Ensyclopaedie voor het 'Nederlandsche Volk", dl. V, pag. 526.

12. Coetzee, prof. dr. J. Chris : „Inleiding tot die Historiese Opvoedkunde", pag. 27.

13. National Society for the Study of Education, CCVIIIth. Yearbook: „Preschool and Parental Education," pag. 7.

14. Davis, Mary D. : „Nursery Schools, their development and current practices in the United States," pag. 2.

15. Plato: „Die Staat" dl. V aangehaal deur T. Raymont in „A History of the Education of young children." Pag. 2.

rium" (moederskool) dié gedagte dat die moeder die beste onderwyseres van haar kind tot sy sesde jaar is. Hy bepleit 'n moederskool in elke huis en wil in sy „Schola Infantia" (Kleinkinderskool) mét 'n praktiese onderrigplan - wat wenke oor voeding, slaap, vars lug, oefeninge en gewoontevorming insluit - die moeder voorlig hoe om haar kind ten beste te toog.(16)

Daarenteen het die 18de eeu in die teken van die „Verligting" gestaan en word gekenmerk deur die opkoms van die Naturalisme en Filantropisme, beide geestesstrominge as reaksie teen die heersende wantoestande op maatskaplike, godsdienstige en opvoedkundige gebied.(17) Daardie toestande is in geen geringe mate nie veroorsaak deur sosio-ekonomiese nood en ellende, wat vanaf die eerste helfte van die 18de eeu deur die Industriële Omwenteling verhewig is. Die geestelike klimaat was voorberei vir die inslag van die nuwe humanistiese en liberale idees en die geleidelike omkering van die tot dan toe nog algemeen aanvaarde opvatting oor voorskoolse opvoeding. Die direkte gevolg was die eerste gemeenskaplike pogings om die kleinkind buite sy ouerhuis te onderwys.(18)

Die Filantropisme het vergestalting gevind in die stigting van allerlei liefdadigheidsbewegings, waarvan die hoofdoel was die leniging van die geestelike en liggaamlike nood van die armes. Die belangrikste van hierdie bewegings was seker die stigting in Engeland van die Society for the Promotion of Christian Knowledge wie se eerste vergadering op/............

16. National Society for the Study of Education, XXVIIIth. Yearbook : „Preschool and Parental Education", pag. 10.
Coetzee, prof. dr. J. Chris : „Inleiding tot die Historiese Opvoedkunde", pag. 220 en 221.
Raymont, T. : „A History of the Education of Young Children", pag. 11 - 14.
17. Coetzee, prof. dr. J. Chris : op cit., pag. 240 - 243.
18. Forest, Ilse, : „Preschool Education, a historical and critical study", pag. 33 - 35.

op 8 Maart 1698 die ontstaan van die Charity School Movement (S.P.C.K.) tot gevolg gehad het. So suksesvol was die S.P.C.K. se poginge dat daar in 1750 reeds meer as 30,000 leerlinge op die rol van sy liefdadigheidskole was. Hoofdoel van hierdie skole was om die kinders uit huise, waar van die beskermende funksies deur armoede of die industriële lewe gedesorganiseer is, veral die nodige godsdienstige onderrig te gee en terselfdertyd deur genoegsame sekulêre onderwys tot goeie burgers(-esse) te vorm en teen fisiese gevare en oormatige ongerief te beskerm.[19]

In die 18de eeu ontstaan daar ook in Engeland die sogenaamde Dame Schools t.b.v. klein kindertjies van werkende moeders,[20] „but these were often little more than makeshift nurseries set up in the stuffy living-rooms of uneducated women who, in the absence of other means, adopted this method of earning a living. A few there were with somewhat higher aims . . ."[21] Filantrope stig teen die einde van die 18de eeu ook Sunday Schools op grond van die „plight of young children in factory districts."[22]

Sterk onder invloed van die Filantropisme stig Jean Frederic Oberlin (1740 - 1826) die eerste kleinkinderskool in 1769 te Waldbach in Frankryk, met hoofdoel die godsdienstige en sedelike vorming van die kind.[23] Oberlin het die behoeftes van die kindersiel begryp, terwyl die invloed van die Naturalisme op sy metodiek onmiskenbaar is:

> „Instruction in these schools was mingled with amusement; and whilst enough of discipline was introduced to instil habits of subjection, a degree of liberty was allowed, which left the infant mind full power of expansion, and information was conveyed which might

turn/.......

---

19. Forest, Ilse : „Preschool Education, a historical and critical study", pag. 36 - 38.
20. Raymont, T. : „A History of the Education of Young Children", pag. 36 - 37.
21. Cusden, Phoebe E. : „The English Nursery School", pag. 2.
22. Raymont, T : op cit., pag. 43.
23. National Society for the Study of Education, XXVIIIth Yearbook: „Preschool and Parental Education", pag. 10.

turn to the most important use in after life."(24) Dit verteenwoordig al 'n eerste wegbreking van die formalisme wat die destydse onderwys gekenmerk het en 'n voorteken van 'n beginsel wat in sy finale konsekwensie in die latere kleuterskool toegepas sou word. Oberlin se invloed het egter nie onmiddellik en wyd deurgeslaan nie. Enkele kleinkinderskole sou na sy model in Frankryk, Switzerland en sommige Duitse state tot stand kom.(25) 'n Kroon op hierdie sporadiese pogings was dat die kleinkinderskool 'n halfeeu later in Frankryk gesistematiseer is en die Ecoles Maternelles 'n deel van die Franse nasionale onderwysstelsel geword het.(26)

Dit is nodig dat hier nog enkele oomblikke by die opvoedkundige Johann Heinrich Pestalozzi (1746 - 1827) stilgestaan word. Hy het welliswaar geen kleinkinderskole gestig nie, maar hy het enersyds die felle invloed van die Industriële rewolusie op die opvoeding duidelik gevoel en in 1779 reeds die opheffing van die nood van arm kinders bepleit,(27) en andersyds het hy as vername eksponent van die Psigologiese rigting in die opvoedkunde die sielkundige gefundeerdheid as vernaamste beginsel van die onderwysmetodiek gaan vooropstel.(28) Deur so klem te lê op die noodsaaklikheid in die opvoeding van kennis van die

kind,/........

---

24. Raymont, T : „A History of the Education of Young Children", pag. 47 - 48. (Onderstreping deur my.)
25. Raymont, T : op cit., pag. 48.
Van Schalkwyk, G.F. : „'n Historiese oorsig van die ontwikkeling van die kleuterskool in Europa, Brittanje en Suid-Afrika tot 1946", pag. 14.
26. National Society for the Study of Education, XXVIIIth Yearbook: „Preschool and Parental Education", pag. 10.
27. Burger, J.F. : „Die Opvoeding van die kleuter deur die eeue", artikel in „Die Unie", 43ste jaargang, nr. 3, pag. 70.
28. Coetzee, prof. dr. J. Chris : „Inleiding tot die Historiese Opvoedkunde", pag. 255 verder. (Vgl. ook Coetzee se wesensbepaling van die psigologiese rigting op pag. 252 - 253.)

kind, geleidelike voortgang in die onderwys en aansluiting by die natuurlike aanleg en ontwikkelingspeil van die kind, van die sintuiglike waarneming as grondslag van alle kennis, was hy grondlegger van die metodiek van moderne laer onderwys,(29) soos later ook toegepas in die kleinkinderskole van Frankryk en Engeland.(30) Latere ondersoekers op die gebied van die kindersielkunde, het steeds na Pestalozzi teruggegryp en hulle bevindinge het grootliks bygedra tot die inrigting, inhoud en metodiek van die 20ste eeuse kleuterskool.

Op hierdie stadium was daar nog geen sprake van 'n vaste sisteem in openbare voorskoolse opvoeding nie. Ook was dit nie algemeen nie, maar deur sporadiese pogings van filantropiese bewegings was dit gerig op die armes om lokale maatskaplike probleme die hoof te bied. Daarmee was die eerste pogings eerder sosiaal-gemotifeerd as opvoedkundig-gemotifeerd.

## 3. DIE VESTIGING EN UITBREIDING VAN SISTEEM IN DIE VOORSKOOLSE ONDERWYS:

Op die beginsels van beide die Filantropisme en die Psigologiese rigting sou daar in die 19de eeu voortgebou word tot finale vestiging van die gedagte van voorskoolse onderwys en die skepping van 'n vaste sisteem. Die inslag van beide hierdie rigtinge in die voorskoolse opvoeding van die 19de eeu en begin 20ste eeu het sig in vier karakteristieke ontwikkelinge geopenbaar wat die ontstaan van vier wesensverskillende inrigtinge vir voorskoolse opvoeding ten gevolg gehad het. Dit kan hier samevattend soos volg oorsien word:

Eerstens het daar, uit wat gesien kan word as die resultaat van die samevloeiing van filantropiese en

psigologiese/........

29. Coetzee, prof. dr. J. Chris. : „Inleiding tot die Historiese Opvoedkunde", pag. 260.
30. National Society for the Study of Education, XXVIIIth Yearbook: „Preschool and Parental Education", pag. 10.

psigologiese oorweginge, in Engeland die enigsins formeelskoolse Infant Schools ontstaan.

Tweedens is in Frankryk die sogenaamde versorgingsoorde (creches) uit suiwer filantropiese motiewe gebore.

Derdens skep Friedrich Wilhelm August Froebel (1782 - 1852) in hierdie eeu op die standpunt van die psigologiese opvoeding sy „Kindergarten" as 'n suiwer informele opvoedkundige inrigting. Saam met die waarde van die invloed van Froebel op die voorskoolse opvoeding, moet dié van Maria Montessori (1870 - 1953) gesien word.

Vierdens is daar aan die begin van die 20ste eeu in Engeland beslag gegee aan die moderne kleuterskool as sogenaamde wetenskaplik-opvoedkundige inrigting.

Van besondere belang is ook dat die eerste staatsbemoeiinge in voorskoolse onderwys in die 19de eeu plaasgevind het so bydra tot vestiging en sistematisering daarvan.

Al hierdie ontwikkelinge moet nou nader toegelig word.

a. <u>DIE ONTSTAAN EN GROEI VAN DIE ENGELSE INFANT SCHOOLS</u>:

Die eerste doeltreffende inrigting van die voorskoolse onderwys is te danke aan die Skotse fabriekseienaar Robert Owen (1771 - 1858),(31) wat hom die welsyn van die kinders van sy werknemers ter harte geneem het en in 1816 sy sgn. „Nuwe Inrigting" te New Lanark in die lewe geroep het, waarvan die kleinkinderafdeling 'n deel was(32) „to train children from their earliest infancy (wat hy as die belangrikste jare in die mens se lewe beskou het) to think and act aright."(33) Hierdie fabriekseienaar was 'n sosiale/.......

---

31. Raymont, T. : „A History of the Education of Young Children", pag. 73.
Van Schalkwyk, G.F. : „'n Historiese oorsig van die ontwikkeling van die kleuterskool in Europa, Brittanje en Suid-Afrika tot 1946", pag. 18.

32. Vam Schalkwyk, G.F. : op cit., pag. 18.

33. Raymont, T : op cit., pag. 73.

'n sosiale hervormer wat die opvoeding as belangrike middel tot bereiking van sy ideale beskou het. Vir sy tyd het hy belangrike opvoedkundige uitsprake gemaak en self die organisasie en metodes van sy Infant School voorgeskryf. Hierin het hy onbetwisbaar die invloed van Rousseau en Pestalozzi vertoon:(34) klein kindertjies mog nie geskel of gestraf word in sy skool nie; voortdurende welwillendheid en goedheid moes deur die leermeester in toon en stem, oog, woord en handelwyse betoon word; die onderrig moes geskied deur ondersoek van die onmiddellike werklikheid, die kind geprikkel word tot vrae en die vrae altyd in vriendelike toon verstandig beantwoord word; geen gereelde binneshuise skoolure moes bestaan nie en naas musiek moes die kind ook geleentheid kry om te dril, dans, sing en speel; aktiwiteite moes voortduur solank hulle deur almal voordelig geniet word; uitstappies moes onderneem word om kennis te maak met die natuur; kinders van die werkersklas moes ook verstandelik onderwys word.(35)

> „Owen was interested in consciously forming habits which would develop a nature fundamentally good, although limited in part by heredity, into the good moral character."(36)

Owen het James Buchanan „a poor simple hearted weaver, . . . who loved children strongly by nature" as hoof van sy Infant School in diens geneem.(37) In haar boek „The Buchanan Family Records" gee Barbara Buchanan (38) die eer aan haar grootvader vir die metodes en inhoud deur hom in New Lanark toegepas: Op mooiweerdae het hy die kinders op 'n uitstappie deur die strate geneem of op die rivierwal/.........

---

34. National Society for the Study of Education, XXVIIIth Yearbook: „Preschool and Parental Education. Pag. 11.
35. **Forest**, Ilse : „Preschool Education, a historical and critical study", pag. 57 - 58.
36. Forest, Ilse : op cit., pag. 60.
37. Nasional Society for the Study of Education : op cit., Pag. 11.

Raymont, T. : „A History of the Education of Young Children" pag. 81 - 82.
Vgl. ook „Lantern", jaargang 7, nr. 1, Oktober 1957.

rivierwal laat speel. Binneshuis het hy hulle - by nypende gebrek aan sitplekke of apparaat - allerlei arm- en hardloopoefeninge laat doen of op die maat van sy geliefde fluit laat marsjeer. Daarbenewens het hy les gegee oor 'n verskeidenheid onderwerpe en eenvoudige rekenkunde, gebede en gewyde sang aan die kinders geleer.

James Buchanan het bewys dat hy 'n waardige kleutermeester was en in 1818 word hy hoof van die Westminster Free Day Infant Asylum wat op inisiatief van Lord Brougham en James Mill te Brewer's Green, Westminster, Engeland, gestig word.(39) Buchanan stig ook nog ander skole in Engeland, bv. te Derbyshire, en was verantwoordelik vir die opleiding van Samuel Wilderspin, wat in 1824 'n Infant School Society in Engeland in die lewe roep. Hierdie vereniging gee aan lg. opdrag om die hele Verenigde Koninkryk te deurreis, die infant school -gedagte te propageer en skooltjies te stig. Die eerste jaarverslag van genoemde Society maak dan ook melding van 34 skole wat deur Wilderspin op sy rondreis gestig is.(40)

Dr. Mayo en mnr. John S. Reynolds beywer hulle vir die daarstelling van 'n nasionale skema vir die opvoeding van armes wat ten gevolg het die stigting van die Home and Colonial Infant School Society in 1836, met die doel om (i) onderwysers volgens die Pestalozzi-metodes op te lei en (ii) kleinkinderskole in die Britse kolonies te propageer.(41) Daarbenewens het die Infant Schools ook integrale deel geword van die onderwysstelsels van die twee groot opvoedingsorganisasies in Engeland: The National

Society/..........

---

39. Raymont, T. : „A History of the Education of Young Children", pag. 91.
Van Schalkwyk, G.F. : „'n Historiese oorsig van die ontwikkeling van die kleuterskool in Europa, Brittanje en Suid-Afrika tot 1946", pag. 22.

40. Van Schalkwyk, G.F. : op cit., pag. 23 - 24.

41. Van Schalkwyk, G.F. : op cit., pag. 28.
National Society for the Study of Education, XXVIIIth Yearbook: „Preschool and Parental Education", pag. 12.

Society onder dr. Andrew Bell.[42]

So het die model van Owen in Brittanje wye navolging gevind en het die Infant School vanaf die dertigerjare van die 19de eeu min of meer as permanente deel van die Engelse Onderwysstelsel bly voortbestaan. Die stigting, instandhouding en beheer van hierdie skole is uitsluitlik in die hande van privaat inisiatief gelaat, is nog hoofsaaklik om filantropiese motiewe ter wille van die armes en kinders van werkende moeders in die lewe geroep en van die inhoud daarvan sê Phoebe Cusden:

> „. . . Although the best of these (Infant Schools) were conducted in such a way as partly to justify the term "well regulated systematic nurseries" applied to them in 1829 by Lord Jeffrey, <u>in the majority of them the formal instruction and too rigid descipline were unsuited to the needs and capacities of young children</u>." (43)

Die 3 Re het nog hoofinhoud gevorm in die Infant School, sodat daar na die inhoud en dissipline uiteindelik nie veel van Owen se naturalisties-gekleurde beskouinge tereg gekom het nie. Raymont gee daarvoor die rede aan:

> „. . . we have to bear in mind that most of the children left school for ever at the age of ten or eleven, and that therefore the motive for such emphasis was exceedingly strong." (44)

Samuel Wilderspin was egter uitgesproke oor die waarde van die Infant School as middel om enersyds die arm kind op te voed en teen delinkwente neigings te beskerm en andersyds die ouers en die algemene openbare opinie te hervorm.[45] In 1858 beskou die Newcastle-kommissie hierdie skole in sy verslag so belangrik dat „without/.............

---

42. Burger, J.F. : „Die Opvoedkunde van die kleuter deur die eeue", artikel in die „Die Unie" 43ste jaargang, nr. 3, 1 Sept. 1947, pag. 71.
43. Cusden, Phoebe E. : „The English Nursery School", pag. 2. (onderstreping deur my.)
44. Raymont, T : „A History of the Education of Young Children", pag. 180.
45. Forest, Ilse: „Preschool Education, a historical and critical study", pag. 76, 82.

out them a child may contract habits and sustain injuries which the best school will afterwards be unable to correct and remedy."(46)

Die Infant School -gedagte het spoeding na België, Duitsland, Frankryk en Italië op die Vasteland uitgebrei en dié skole het die oorheersende tipe inrigtings vir voorskoolse onderwys in die eerste helfte van die 19de eeu geword. James Buchanan het selfs in 1839 Engeland verlaat met die oog op die stigting van Infant Schools in Nu-Seeland, maar is aan die Kaap deur sy seun Robert oorgehaal om van dié plan af te sien.(47)

Die invloed van Froebel se „Kindergarten" op die Infant School was aanvanklik gering. Dit het oorwegend sy streng formeel-skoolse karakter bly behou, enersyds a.g.v. die handhawing van die „payment by results"-stelsel(48) en andersyds a.g.v. die foutiewe interpretasie en toepassing van Froebel se metodes.(49) Na 1874 het die invloed van Froebel egter toegeneem en ontstaan daar veral in Engeland die sgn. Free Kindergarten.(50)

Met hierdie skole is die onbewuste voorarbeid tot ontwikkeling van die moderne kleuterskool afgedaan.

b. DIE ONTSTAAN VAN DIE VERSORGINGSOORD:

Die versorgingsoord het sy oorsprong in die Franse creche, waarvan die eerste in 1844 in Parys geopen is(51) met die doel om babas en klein kindertjies van werkende moeders te versorg. Deur die privaat bemoeiinge van filantropiese beweginge het daar binne twee jaar 14 creches

in/................

46. Van Schalkwyk, G.F. : „'n Historiese oorsig van die ontwikkeling van die kleuterskool in Europa, Brittanje en Suid-Afrika tot 1946", pag. 38 - 39.
47. Raymont, T : „A History of the Education of Young Children," pag. 91.
vgl. ook hierdie verhandeling pag. 28 verder.
48. Van Schalkwyk, G.F. : op cit., pag. 41.
Vgl. ook Cusden, Phoebe E : „The English Nursery School", pag. 3 - 4.
49. Raymont, T : op cit., pag. 237 - 238.
50. Raymont, T : op cit., pag. 238. (51) Forest, Ilse : „Preschool Education, a historical and critical study," pag. 76, 82.

in Parys alleen ontstaan. Tydens die Industriële rewolusie het hierdie tipe inrigting in Engeland besondere byval gevind en is veral naby fabrieke opgerig.(52) In 1862 is deur wetgewing sorgvuldige regulasies t.o.v. die creches neergelê en is aan hulle offisiële erkenning verleen.

Die gedagte het ook na elders versprei. So ontstaan die eerste Duitse Krippe in 1851 te Dresden. Vandag bestaan inrigtings van hierdie aard in byna alle Wes-Europese lande en ook in Suid-Afrika, Australië, Nu-Seeland en selfs in Rusland en Hongarye.(53)

In die Westerse lande is die beheer daarvan geleidelik onder die Ministeries of Departemente van Volkswelsyn of Volksgesondheid geplaas.

Vanaf stigting het hierdie inrigtings konsekwent 'n liefdadigheidskarakter bly behou - dit is en was sosiale instellings met liggaamlike versorging as hoofoogmerk.

c. <u>DIE ONTSTAAN EN GROEI VAN DIE KINDERGARTEN</u>:

Friedrich Froebel (1782 - 1852) stig in 1837 sy eerste Kindergarten te Blankenburg in Duitsland waarin sy opvoedkundige gedagtes van die harmoniese ontwikkeling van die natuurlike aanlegte van die kind, sosiale samewerking en selfuiting praktiese beliggaming vind. Deur sy metodes van opvoeding op die natuurlike speeldrang van die kleuter te baseer, het hy 'n informele opvoedkundige patroon vir die sosiale, liggaamlike en verstandelike ontwikkeling van die voorskoolse kind daargestel, tot dan toe ongekend in die geskiedenis van die opvoedkunde. Sy opvoedkundige materiaal van liedere, „speelgawes en besighede"(54) en

die/........

52. Van Schalkwyk, G.F. : „'n Historiese oorsig van die ontwikkeling van die kleuterskool in Europa, Brittanje en Suid-Afrika tot 1946", pag. 1, 2.

53. Vgl. International Bureau of Education: „Organization of Pre-primary Education."
Vgl. ook hierdie verhandeling hoofstuk II, 5(a)(i), pag. 100.

54. Coetzee, prof. dr. J. Chris: „Inleiding tot die Historiese Opvoedkunde", pag. 239 - 240.
Raymont, T : „A History of the Education of Young Children", pag. 196.

die belangrike rol wat die tuin in die hele opset van sy „skool" sou speel, het nie alleen later bevrugtend ingewerk op die formeel-skoolse Infant Schools nie, maar die program van die kleuterskool bepalend beïnvloed, en uiteindelik saam met die metodes van 'n Maria Montessori, Decroly, Audemars, Lafendel en Agazzi die beproefde basis gevorm vir die metodiek van voorskoolse onderwys en voorbereidende of laer klasse van die laerskool van talle lande dwarsoor die wêreld.(55)

Geen ander naam of inrigting vir voorskoolse onderwys het so 'n wêreldwye toepassing gevind as juis die Kindergarten nie.(56) In verskeie lande word in die organisasie van die voorskoolse onderwys duidelik onderskeid gemaak tussen creches, kleuterskole en kindergartens en word hulle also as wesentlik verskillende inrigtings beskou.

Froebel het sy kindergarten ingerig vir ryk en arm en het geglo dat ouers se idees aangaande hulle kinders verbeter kon word deur opvoedkundige leiding.(57) 'n Filantropiese instelling was dit dus nie in die eerste plek nie.

Die besondere bydrae wat Froebel egter tot die wese van die moderne kleuterskool gelewer het, word behels in twee intrinsieke beginsels van sy voorskoolse onderwys

wat hy, teen die destyds algemeen gangbare opvattinge in, in die praktyd gebring het:

i) sy beklemtoning van die noodsaaklikheid van informaliteit van die kleuteropvoeding;

ii) sy skepping van 'n suiwer opvoedkundige inrigting, eerstens tot vorming van die voorskoolse kind self en tweedens tot voorligting van die ouers.

d./........

55. International Bureau of „Education : „Organization of Preprimary Education", pag. 30.
56. International Bureau of Education : op cit., pag. 13 verder.
57. National Society for the Study of Education, XXVIIth Yearbook: „Preschool and Parental Education", pag. 13.

d. DIE MODERNE KLEUTERSKOOL KRY SY BESLAG:

i) Vroeg in die 20ste eeu het in Engeland belangrike verwikkelinge plaasgevind wat uitlatings en aanbevelings ten gevolge gehad het wat belangrike onderliggende beginsels van die hedendaagse kleuterskool sou word.

Eerstens is in Brittanje nasionale belangstelling gewek deur die onbevredigende fisiese toestand van rekrute vir die Anglo-Boereoorlog.(58) Tweedens is 'n kommissie van 5 inspektrises in 1904 aangewys „in conducting an inquiry in the general question of children under five years of age attending the elementary infant schools"(59) Nadat hierdie kommissie in sy verslag (1905) die formele karakter van die bestaande Free Kindergartens en Infant Schools sterk afgekeur het, is die Consultative Committee of the Board of Education in 1907 aangewys met die opdrag om verslag uit te bring oor „the school attendence of children below the age of five."(60) Hierdie kommissie het eweeens die bestaande Infant Schools as ongeskik geag vir die higiëniese en verstandelike versorging van jong kinders. Hoewel die kommissie onomwonde geglo het dat onder bevredigende omstandighede „the home affords advantages for the early stages of education which cannot be produced by any school or public institution,"(61) was hy tog ook oortuig dat die moeder nie altyd volkome toegerus is om probleemsituasies in die opvoeding van haar klein kindjie bevredigend te hanteer nie. Hulle het daarom die stigting van Nursery Schools(62) aanbeveel wat om ekonomiese

en/.......

---

58. Landreth, C : „Education of the Young Child", pag. 5.
59. Raymont, T : „A History of the Education of Young Children", pag. 264 verder.
60. Raymont, T : op cit., pag. 275 verder.
61. Raymont, T : op cit., pag. 278.
62. Vgl. Cusden, Phoebe: „The English Nursery School", pag. 52. (Hier die eerste maal in die geskiedenis die gebruik van die naam „Nursery School" : „a general name for schools where the special needs of small children are met by the provision of special rooms, special curriculum and special teaching.")

en administratiewe redes op dieselfde terreine en as aanhangsels van openbare laerskole georganiseer moes word. Belangriker nog is dat die kommissie die wese van die voorgestelde Nursery Schools omskryf het wat die basis vir alle latere ontwikkelinge van die kleuterskoolbewegings in Brittanje en elders sou vorm.[63] So het die kommissie neergelê dat alle formele lesse in lees, skryf en rekenkunde en alle aktiwiteite wat aanhoudende en ingewikkelde eise aan die senu- en spierstelsels van kleuters sou stel, uit hierdie skole geweer moes word. Vryheid van beweging, afwisseling van situasies of aktiwiteite en geleentheid om te slaap is noodsaaklik, terwyl die gebou self ruim, goed belig en geventileerd en warm moet wees. Die maksimum per klas (groep) is op 30 gestel. Die sorgvuldige, deeglike opleiding van personeel, toegerus om die kind in hierdie moeilike en belangrike stadium in sy lewe te hanteer, is beklemtoon.

ii) Behalwe hierdie verwikkelinge moet gesien word die bevrugtende invloed wat daar uitgegaan het van die sielkunde-beweging in die opvoedkunde, wat met Rousseau in sy naturalistiese opvoedkundige beskouinge ŉ aanvang geneem het, wat in ŉ steeds sterkerwordende stroom dwarsdeur die 19de eeu geloop het oor Pestalozzi, Froebel en Montessori, wat versterk is deur die kinderstudiebeweging wat daar teen die einde van die 19de eeu veral in Amerika onder leiding van G. Stanley Hall en John Dewey ontstaan het en wat uiteindelik in die 20ste eeu sy toppunt bereik het in die ondersoekinge en bevindinge van William Stern, Maria von Muchow, Karl en Charlotte Bühler, Miss Schim en die

psigo-analitici/........

---

63. Lynch, A.J. : „The Nursery School", referaat gelewer voor die South African Education Conference in Kaapstad en Johannesburg, Julie 1934 en opgeneem in: „Educational Edaptations in a changing Society, report of the New Educational Fellowship Conference", edited by E.G. Malherbe, pag. 228 verder.

psigo-analitici Freud en Adler.[64] Hulle bevindinge m.b.t. die ontwikkeling, verstandelik, emosioneel, sosiaal, en die gedrag van die jong kind sou die vorm en inhoud t.o.v. die intellektuele, emosionele en sosiale opvoeding van die kleuter diepgaande beïnvloed.

Daarmee saam moet die navorsinge en bevindinge op die gebied van die higiëne en dieëtkunde gereken word waardeur die noodsaaklikheid van gesonde fisiese groei in die vroeë lewensjare beklemtoon is.[65]

Gevolglik is die noodsaaklikheid van 'n omvattende opvoeding (fisies, intellektueel, emosioneel en sosiaal) in die voorskoolse jare beklemtoon en dienooreenkomstig hoë eise gestel m.b.t. die plek, die inhoud, die metodiek en die onderwyseresse van kleuteropvoeding.[66] 'n Nuwe benadering en opset was dus nodig waarin al die aspekte van voorskoolse onderwys ooreenkomstig die bevindinge van die ontwikkelde wetenskappe beliggaam sou wees. Die ondersoekinge van die kommissie van die Board of Education in Engeland het reeds die lig daarop laat val, maar die eer kom Rachel [67] en Margaret McMillan toe vir die skepping van die eerste kleuterskool wat enigsins bedoel was om van daardie omvattend opvoedkundige aard te wees.

iii) Dit was oorwegend as gevolg van die swak omgewings-

en/........

---

64. Forest, Ilse: „Preschool Education, a historical and critical study", pag. 143, 208.
National Society for the Study of Education: „Preschool and Parental Education", pag. 14 - 15.
Burger, J.F. : „Die Opvoeding van die kleuter deur die eeue", artikel in „Die Unie", 43ste jaargang nr. 3, 1 Sept. 1947, pag. 72.

65. National Society for the Study of Education: op cit., pag. 24 - 25. en pag. 72.

66. Forest, Ilse : op cit., pag. 208.

67. Rachel McMillan het as sanitêre inspektrise gekwalifiseer en besoekende onderwyseres in gesondheidsopvoeding geword : Vgl. Phoebe Cusden in „The English Nursery School", pag. 8.

en behuisingstoestande en gevolglik swak fisiese en higiëniese toestande en hoë sterftesyfer van klein kindertjies in die agterbuurtes van London dat hierdie twee susters in 1908 'n Londonse skoolkliniek open en in opvolging daarvan in 1911 hulle eerste opelugkleuterskool met ses kinders onder 5 jaar,'n opgeleide onderwyseres en een helpster te Deptford, Engeland, stig.(68) Hulle doel was om aan kinders uit behoeftige huise en die agterbuurtes dieselfde geleenthede vir gesonde groei te bied as vir bevoorregte kinders, deur die voorsiening van voldoende sonlig, vars lug, vormende aktiwiteite en die regte voedsel. Hierdie eerste eksperiment was so geslaagd dat hulle in 1914 'n nuwe opelugkleuterskool met 30 kleuters open wat deur die London County Council gesubsideer is.(69)

Deur die metodes van Froebel en Montessori toe te pas, te bou op die bevindinge van die kinderstudiebeweging en bo-alles die gesondheidsaspek van die voorskoolse jare te beklemtoon deur die tuin, sonlig, vars lug, voeding, beweging, slaap en mediese versorging as die belangrikste elemente van hulle onderneming te beskou,(70) het hulle die beginsel van „'n gesonde gees in 'n gesonde liggaam" in die praktyd gebring in 'n eie, unieke tipe inrigting - in 'n enkele woord het hulle die versorging beskryf as „nurture" en dit met 'n byna fanatieke geloof, ywer en opofferinge toegepas onder die leuse „Educate every child as if he were your own."(71)

Hoewel die verwaarloosde kinders hulle eerste belangstelling was, het die McMillans die opvatting gehuldig dat die kleuterskool vir alle kinders geskik was. Hulle het van die standpunt uitgegaan dat selfs die welaf moeder

nooit/........

---

68. Cusden, Phoebe : „The English Nursery School", pag. 9.
69. Raymont, T : „A History of the Education of Young Children", pag. 330 verder.
70. Vgl. die werk van McMillan, Margaret: „The Nursery School."
71. McMillan, Margaret. : op cit., pag. 8.

nooit alleen daardie so belangrike „nurture" van haar kind voorsien het nie of ten beste kon voorsien nie:

> „The truth that seems to break in on us all at last is that the nurture and education of young children demands much from mothers, but does not demand the precise kind of service and labour that she is so ready to offer. This education seems to depend, no longer, on individual but on collective thought, and co-operation." (72)

Die kleuterskool wil daarom nie die moeder haar fundamentele reg ontsê en haar vervang nie, maar 'n noodsaaklike wetenskaplik-opvoedkundige hulpdiens wees.[73]

Rachel en Margaret McMillan:

> „made the case of the young child a living issue, that the movement towards the provision of nursery schools became truly national and within the range of practical politics."(74)

Naas die McMillans het Grace Owen die belangrikheid van die voorskoolse jare beklemtoon en die volgende onderliggende eise van kleuteropvoeding in die kleuterskool neergelê:

1) Dit moet gesonde uiterlike toestande voorsien - sonlig, vars lug en ruimte.
2) Dit moet die geleentheid skep tot oefening van die verbeelding en die ontwikkeling van verskeie belangstellinge en vaardighede.
3) Dit moet 'n gesonde, gelukkige en gewoontevormende lewe verseker en gereelde mediese toesig.
4) Dit moet aan die kind sosiale ervaring bied op klein skaal, waar kinders dag na dag saam werk en speel met maatjies van eie ouderdom.
5) Dit moet die eenheid met die huislike lewe behou.[75]

Grace Owen en Margaret McMillan moet as die argitekte van die kleuterskool beskou word:

„Their/.......

---

72. McMillan, Margaret. : „The Nursery School", pag. 8.
73. McMillan, Margaret. : op cit., pag. 112 verder.
74. Cusden, Phoebe. : „The English Nursery School", pag. 6.
75. Lynch, A.J. : „The Nursery School", referaat opgeneem in „Educational adaptations in a changing Society", pag. 229.

„Their blue-prints will remain as a standard for future builders, whatever modifications and developments may be demanded by advancing knowledge and changing circumstances." (76)

e. STAATSINMENGING IN DIE VOORSKOOLSE ONDERWYS:

Die 19de eeu staan ook in die teken van die finale nasionalisering van die onderwys en opvoeding in die moderne state van die wêreld.(77) Ook die voorskoolse onderwys sou nie onaangeroer bly nie.

Reeds in 1933 het die „salle d'asile" in Frankryk wat die eerste naas Prùise was om sy onderwys te nasionaliseer, staatsondersteunend geword, terwyl staatsvoorsiening van kleuteronderwys vir kinders van twee tot ses jaar in hierdie staat terug dateer tot die wet van 1886.(78) Ook België het in 1833 staatsteun aan sy kindergartens verleen, as gevolg waarvan hulle aan inspeksie onderwerp is.

Hoewel die Britse parlement ook reeds in 1833 £20,000 gestem het vir die oprigting van geskikte geboue, was dit na die daarstelling van die Committee of Council on Education in 1839 dat die eerste doelgerigte staatsbemoeiinge met voorskoolse onderwys in Engeland ontstaan het deur die onderwerping van alle staatsondersteunde skole aan inspeksie.(79) In die eerste verslag van genoemde komitee (vir die jaar 1839 - 1840) word Infant Schools as integrale deel van die laerskoolstelsel beskou(80) en word die aanstelling van die eerste inspekteur van skole geboekstaaf/........

76. Cusden, Phoebe, : „The English Nursery School", pag. 12.
77. Coetzee, prof. dr. J. Chris. : „Inleiding tot die Historiese Opvoedkunde", pag. 280 verder.
78. Forest, Ilse. : „Preschool Education, a historical and critical study", pag. 65.
79. Van Schalkwyk, G.F. : „'n Historiese oorsig van die ontwikkeling van die kleuterskool in Europa, Brittanje en Suid-Afrika tot 1946", pag. 30.
International Bureau of Education: „Organization of Pre-primary Education", pag. 128.
80. Raymont, T : „A History of the Education of Young Children", pag. 153.

geboekstaaf. Dié komitee het ook in 1853 die eerste klas vir die opleiding van kleuterskoolonderwyseresse ingestel en 'n leergang voorgeskryf, terwyl in die Elementary School Act van 1870 beter voorsiening gemaak is vir die ondersteuning van die Infant Schools. In 1899 vergang 'n Board of Education in Engeland die ou Committee of Council on Education wat hom spoedig ook die toestand van voorskoolse opvoeding in die destydse Infant Schools en Free kindergarten sou aantrek,[81] soos wel bewys deur die benoeming van die reeds genoemde ~~kommissies~~ van 1904 en 1907.[82] Die bevinding en aanbevelinge van hierdie kommissies, tesame met die sukses deur die McMillans behaal en die brandende behoefte aan beter fisiese versorging van die voorskoolse kind wat tydens die Eerste Wêreldoorlog in Engeland ontstaan het, het direk aanleiding gegee tot die bepalinge in die Fisherwet van 1918, waardeur kleuteronderwys onder beheer van die Board of Education geplaas is en aan plaaslike onderwys-owerhede (Local Education Authorities) die reg verleen is om waar nodig kleuterskole en -klasse vir kinders tussen die ouderdomme van 2 en 5 jaar te voorsien. Met die daarstelling van die onderwyswetgewing van 1944 het die Engelse regering 'n stap verder gegaan en:

1. Kleuterskole vir twee- tot vyfjariges as integrale deel van die Engelse onderwysstelsel gewettig;

2. plaaslike owerhede <u>verplig</u> om kleuterskole te stig in die gebiede soos vir hulle deur die Board of Education neergelê.[83]

Hierdie bepalings vorm tans nog die basis vir die reëling van kleuterskoolaangeleenthede in Engeland en Wallis.

In/........

81. Coetzee, prof. dr. J. Chris. : „Inleiding tot die Historiese Opvoedkunde", pag. 290.
82. Vgl. hierdie verhandeling 3 d (i), pag. 15 hierbo.
83. National Union of Teachers : „Nursery Infant Education", pag. 13.

In 1872 is ook in Oostenryk die kindergarten as deel van die nasionale onderwysstelsel erken.[84]

4. VOORSKOOLSE ONDERWYS OP INTERNASIONALE VLAK:

a) In die huidige eeu sou die gedagte van voorskoolse onderwys wêreldwye deurslag vind. Ooreenkomstig die verslag van die International Bureau of Education van 1961[85] blyk dit dat deur privaat inisiatief en/of die bemoeienisse van regerings in 63 uit 65 lande, wat die vraelys van die Buro beantwoord het, een of ander vorm van voorskoolse onderwys of versorging daargestel word. Na bestudering van bg. verslag en erkende bronne oor voorskoolse onderwys[86] is bevind dat sosio-ekonomiese toestande en die werk en invloed van die kinderstudiebeweging steeds in hierdie eeu die ontstaansfaktore van voorskoolse inrigtings in die verskeie lande gevorm het. In Engeland en Wallis sou eersgenoemde faktor die oorwegende rol speel, terwyl in die Verenigde State van Amerika kleuterskole ontwikkel is uit die behoefte aan opvoedkundige navorsing na die lewe en ontwikkeling van die voorskoolse kind, fisies en geestelik.[87]

Op grond van die ontstaansfaktore kan dan ook in breë trekke tussen twee tipes inrigtings vir voorskoolse onderwys onderskei word:

(1.) voldaginrigtings, wat gewoonlik een of twee maaltye en 'n slaapperiode per dag voorsien en wat hoofsaaklik 'n sosiale funksie vervul;

(2.) halfdaginrigtings met hoofsaaklik opvoedkundige oogmerke.

Die/..........

---

84. Van Schalkwyk, G.F. : „'n Historiese oorsig van die Ontwikkeling van die kleuterskool in Europa, Brittanje en Suid-Afrika tot 1946", pag. 67.
85. International Bureau of Education : „Organization of Pre-primary Education".
86. Vgl. o.m. ook Cusden, Phoebe : „The English Nursery School."
Forest, Ilse : „Preschool Education."
Landreth, C. with collaboration of K.H. Read : „Education of the Young Child."
National Society for the Study of Education, XXVIIIth Yearbook : „Preschool and Parental Education."
National Union of Teachers : „Nursery Infant Education."
87. National Society for the Study of Education. : op cit., pag. 20.

Die terms „kindergarten" en „kleuterskool" is die gebruiklikste vir die tipe inrigtings. Twee-en-vyftig uit 63 lande noem egter volgens bg. verslag alle tipes voorskoolse inrigtings „kindergartens."

Sommige lande, waarvan die V.S.A., Kanada en Israel voorbeelde is, beskou die kindergartens en kleuterskole organisatories as mekaar opvolgende opvoedkundige inrigtings, in welke geval die kindergarten dan op die kleuterskool volg as voorbereiding van die formele onderwys in die laerskool.

Die term „kleuterskool" is 'n tipiese gebruik in Anglo-Saksiese lande, waar gewoonlik ook tussen half- en voldagkleuterskole onderskei word en eersgenoemde 'n oorwegend opvoedkundige stempel dra, terwyl lg. oorwegend opvoedkundig-sosiaal van aard is, maar beide tipes in die reël deur onderwysowerhede beheer en/of geadministreer word.

Waar versorgingsoorde naas kleuterskole en/of kindergartens in lande onderskei word, word eersgenoemde inrigtings, wat hoofsaaklik 'n sosiale funksie vervul, in die reël deur staatswelsynsdepartemente beheer en onderhou.

b) In die veertigerjare is die internasionale organisasie Organization Mondiale pour L'education Prescolair (O.M.E.P.: World Organization for Early Childhood Education)(88) in die lewe geroep met die doel om d.m.v. periodieke konferensies en 'n gereelde nuusbrief noue voeling tussen ledelande op die terrein van die voorskoolse onderwys daar te stel, probleme i.v.m. die opvoeding van voorskoolse kinders te bespreek en oor die algemeen die saak van die voorskoolse kind te help bevorder.

Hierdie/........

---

88. Vgl. die verslag van die VIIIth World Assembly of O.M.E.P. Held in Zagreb, Yugoslavia, July 31st. - August 6th, 1960, soos gelewer deur dr. H. Nelson aan die K.S.V. van S.A.; stukke van die K.S.V. van S.A.

Hierdie organisasie is erken deur en geniet die steun van Unesco, beskik oor 21 ledestate (met inbegrip van die Kleuterskoolvereniging van Suid-Afrika as nie-amptelike verteenwoordiger van die Republiek van Suid-Afrika) en het in 1960 reeds sy agtste konferensie beleef.

5. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS:

Uit die voorgaande beknopte oorsig kan reeds die volgende afleidinge gemaak word:

a. Die gedagte van ouerlike verantwoordelikheid in die opvoeding het reeds vanaf die vroegste tye bestaan, maar is veral deur die Verbondsvolk, Israel, gehuldig en deurgedra tot in die Christelike tydperk.

b. Die aanvanklike gedagtes oor voorskoolse onderwys en opvoeding en die vroegste sistematisering daarvan in die Infant School is produk van die onder sosio-ekonomiese druk ontbindende huislike lewe. Daar waar vader en moeder uit nood moes gaan werk en die fundamenteel beskermende funksies van die huis as sosiale, sedelike, godsdienstige eenheid also in verval geraak het, tree die gedagte van gemeenskaplike openbare poginge na vore om die funksies vir die huis te vervul. Die gedagte aan voorskoolse opvoeding buite die huis is dus 'n produk van abnormale maatskaplike toestande.

c. Deur die daarstelling in teorie en praktyk van 'n opvoedkundige voorskoolse inrigting het Froebel twee nuwe gesigspunte as kenmerkende beginsels daarvan neergelê, nl. die van informaliteit van die voorskoolse opvoeding en die van opvoedkundige hulp en voorligting aan elke huis wat enigsins die peil van sy voorskoolse kinders se opvoeding wou verbeter. Beide beginsels, en lg. in die begrip „nie vervanging nie maar aanvulling en opheffing deur voorligting", is in teorie in die idee van die kleuterskool wat vroeg in die 20ste eeu in Engeland ontwikkel het, opgeneem. Die

tweede/.........

tweede beginsel van Froebel impliseer in der waarheid ook die onvermoë van die huis om alleen die voorskoolse opvoeding na die eis van die moderne samelewing ten beste te voorsien.

d. As die eerste sistematiese reëling van die voorskoolse onderwys sy ontstaan te danke had aan die Filantropiese beweging se bemoeiinge in die 18de eeu, dan het die Psigologiese beweging van die 19de eeu al meer die vorm en inhoud daarvan gaan bepaal.

Die kleuterskool in Engeland van die vroeg 20ste eeu was dan uit die aard van sy oorwegende ontstaansgronde enersyds en sy samestelling en program andersyds 'n ineenvloeiing en ineengroeiing van die Filantropisme, soos veral geopenbaar in die ou Infant School, en die Naturalisme deur die Psigologiese rigting, soos veral geopenbaar in die Froebeliaanse kindergarten, Montessoriskole, Free Kindergartens en kinderstudiebeweging,wat veral in Amerika ontstaan het.

Die kinderstudiebeweging het die lig in die opvoeding skerp op die belangrikheid van die eerste lewensjare en die noodsaaklikheid van deeglike liggaamlike en geestelike opvoeding gedurende daardie jare laat val. Dit sou nie alleen al meer bevrugtend op die kleuterskoolprogram gaan inwerk nie en dienooreenkomstige eise t.o.v. geboue, terrein, toerusting en onderwyseresse gaan stel nie, maar veral op grond van die bevindinge van die wetenskappe 'n hoër peil van huislike opvoeding en versorging aan die ouer gaan stel. Bioloë, sosioloë en sielkundiges het in aansluiting by Froebel die vermoë van die moderne huisgesin om sy primêre funksies normaalweg te verrig al meer in twyfel getrek en die voorstanders van die kleuterskool het hulle argumente vir die bestaansreg van kleuterskole vir voorskoolse kinders uit alle sosiale lae op daardie standpunte gebou.

e) Daarnaas en daarmee saam moet die werk en invloed van

die/........

die moderne opvoedkundige strominge gereken word, soos in Engeland en Amerika respektiewelik veral verteenwoordig deur die Naturalisme van T. Percy Nunn en die Pragmatisme van John Dewey. In hulle opvoedkundige teorieë is die kind as skeppende wese in die middelpunt geplaas, ook die kleuterskoolkind.(89) Die teoretiese grondslae van die moderne kleuterskool is also nie uit die Christendom gebore nie. Dit gaan nie in die eerste plek om die opvoeding van die kleuter as skepsel Gods nie, maar om die opvoeding van die kind ter wille van die kind. Uit die hele ontwikkeling van die kleuterskoolgedagte in Europese state en Amerika is, dit duidelik dat die klem val op die fisiese, sielkundige en sosiologiese belangrikheid van die voorskoolse opvoeding, ter wille van die harmoniese aanpassing van die ontwikkelende indiwidu aan snel veranderende omstandighede.

f) Twee tipes inrigtings vir voorskoolse onderwys het in hierdie eeu in haas alle moderne state ontwikkel: halfdag- en voldaginrigtings. Hoewel die voldaginrigtings - en in Engeland beide tipes(90) - oorwegend n sosiale karakter gedra het, is dit soos die halfdaginrigting uit die aard van sy inhoud duidelik onderskei en te onderskei van die sogenaamde versorgingsoord.

g) Staatsinmenging in voorskoolse onderwys het in die verskillende state in die reël op grond van sosio-ekonomiese oorweginge geskied, terwyl die opvoedkundige waarde van die inrigtings erken en aanvaar is. Van belang is dan ook dat waar die staat die algehele of gedeeltelike beheer oorgeneem het, dit konsekwent onder beheer en administrasie van bestaande onderwysdepartemente geplaas is.

h)/........

---

89. Vgl. Coetzee, prof. dr. J. Chris : „Die Moderne Opvoeding", pag. 24 verder.

90. Vgl. Ministry of Education Circulars and Administrative Memoranda issued during the period 1st April 1960 to 31 st December 1960; circular 8/60.

h) Uit die ontwikkeling van inrigtings vir voorskoolse onderwys in die moderne Westerse state,[91] wil dit voorkom of die gedagte finaal gevestig is en steeds uitbrei t.o.v. die omvang daarvan en die aandeel wat regerings daarin neem, sodat ontwikkelinge toenemend neig in die rigting van staatskole vir kleuters.

i) In die volgende twee hoofstukke moet nou nagegaan word in hoeverre die kleuterskool in Suid-Afrika sy ontstaan te danke het aan invloede uit daardie lande wat steeds in noue staatkundige, kulturele en ekonomiese voeling met Suid-Afrika verkeer het en in hoeverre die tendense van die moderne kleuterskool ook in die Suid-Afrikaanse kleuterskool vergestalting gevind het.

-----oooOooo-----

91. Vgl. International Bureau of Education: „Organization of Pre-Primary Education."